Hinterland

Registration no. 2012/035806/07

Hinterland SA (Edms) Beperk promosie

Met die aankoop van enige produk/te ter waarde van R500,00 of meer by deelnemende Hinterland handelstakke, staan ‘n persoon die kans om ‘n LK’s Braai & Buitelewe Hamper ter waarde van R6,000 te wen.

Kompetisiereëls

1. Die kompetisie is slegs geldig by die volgende Hinterland handelstakke: Bothaville, Bultfontein, Hartbeesfontein, Hartswater, Hoopstad, Jan Kempdorp, Klerksdorp, Odendaalsrus, Ottosdal, Parys, Schweizer Reneke, Theunissen, Tierfontein, Viljoenskroon, Welkom, Wesselsbron en Wolmaranstad.

2. Met die aankoop van enige produk/te ter waarde van R500,00 (Vyfhonderd Rand) of meer by enige van die deelnemende handelstakke (uitgesluit brandstof aankope en betaling van rekeninge), word ‘n kans gestaan om ‘n LK’s Braai & Buitelewe Hamper ter waarde van R6,000 000 (ses duisend rand) te wen. Alle inskrywings sal ook in aanmerking geneem word om die groot prys in die vorm van ‘n Nissan NP200 1.6 Base bakkie te wen.

3. Die faktuur waarop u kontakbesonderhede (volle name, identiteitsnommer, woonadres, werksadres en kontaknommer) aangedui is, moet in die kompetisiehouer by die deelnemende handelstak geplaas word.

4. Daar is geen beperkings op die aantal inskrywings per persoon nie. Deelnemers kry een inskrywing per transaksie van R500,00 (Vyfhonderd Rand) of meer.

5. Die kompetisie ten opsigte van die LK's Braai & Buitelewe Hamper, is slegs geldig van 1 December 2017 om 08h00 tot 31 Desember 2017 om 17h00.

6. Die kompetisie ten opsigte van die Nissan NP200 1.6 Base bakkie is slegs geldig van 1 Julie 2017 om 08h00 tot 30 April 2018 om 17h00.

7. Die wenner van die LK's Braai & Buitelewe Hamper ter waarde van R6,000 (ses duisend rand) sal deur middel van 'n gelukstrekking deur 'n lid van Hinterland gedoen word op Maandag, 15 Januarie 2018 om 12h00 te Hinterland Hoofkantoor, Klerksdorp. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en deelnemers moet seker maak dat hulle die korrekte inligting verskaf. Hinterland kan nie aanspreeklik gehou word indien hulle nie daarin kan slaag om die wenner te kontak nie weens verkeerde inligting of as die wenner nie na redelike pogings gekontak kan word nie. Die besluit van die beoordelaars is finaal en Hinterland sal nie in enige korrespondensie tree in die verband nie.

8. Die wenner van die LK's Braai & Buitelewe Hamper ter waarde van R6,000 000 (ses duisend rand) sal persoonlik die prys in ontvangs moet neem by die Hinterland handelstak waar die wenner die aankope gedoen het.

9. Die wenner van die Nissan NP200 1.6 Base bakkie sal ook deur middel van 'n gelukstrekking gedoen word voor einde Julie 2018. Die plek, datum en tyd van die trekking sal aangekondig en geadverteer word op Hinterland se webwerf: www.hinterland.co.za. Die gelukstrekking sal plaasvind waar een inskrywing per deelnemende tak uit die poel van inskrywings per hand getrek sal word om 17 semi-finaliste te gee. Die 17 semi-finaliste se inskrywings sal in 'n poel geplaas word en daaruit word 6 finaliste by wyse van 'n gelukstrekking gedoen. Die wenner van die Nissan NP200 1.6 Base bakkie sal bepaal word deur vir elk van die 6 finaliste 'n motorsleutel toe te ken, waaruit die motorsleutels per 'n gelukstrekking uit die poel van die 6 finaliste se inskrywings per hand getrek word. Die persoon wie se sleutel die Nissan NP200 1.6 Base bakkie aansluit, sal die wenner van die bakkie wees. Die trekking sal deur die interne ouditeure van Hinterland behartig word.

10. Die wenner van die Nissan NP200 1.6 Base bakkie sal persoonlik die prys in ontvangs moet neem en op eie koste die bakkie op sy/haar naam moet lisensieer.

11. Geen van die pryse kan vir kontant geruil word nie.

12. Slegs een prys per persoon kan gewen word.

13. Enige persoon mag deelneem, behalwe minderjariges en personeel of hulle gesinne van Hinterland SA (Edms) Beperk, Afgri Beperk en Senwes Beperk asook Hinterland SA (Edms) Beperk se borge, verskaffers en/of hul reklame agentskappe.

14. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir inskrywings wat nie ontvang word nie of verlore raak.

15. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of enige verliese gely deur persone wat aan die kompetisie deelneem nie.

16. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir onakkurate, onvolledige of misleidende inligting verskaf deur die prysborge nie.

17. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of beserings wat voorvloei uit die gebruik van die pryse nie.

18. Hinterland is geregtig om massapos, e-pos en SMS bemarking aan alle deelnemers wat vir die kompetisie inskryf, te stuur.

19. Kompetisienommer: sen/komp0103 (December).

20. ’n Kopie van die terme en voorwaardes is op Hinterland se webwerf: www.hinderland.co.za beskikbaar.

21. Die kompetisiedata en ander relevante inligting sal vir ’n tydperk van drie jaar bewaar word.